# Eenheid 1: Die totstandkoming van Nazi-Duitsland

## 1. DIE EINDE VAN DIE EERSTE WêRELDOORLOG

- Die Eerste Wêreldoorlog was 'n groot oorlog→ die middelpunt was in Europa.
- Die oorlog het op 28 Julie 1914 begin.
- Die oorlog het op 11 November 1918 geëindig.
- Duitsland was van die begin af by die oorlog betrokke.
- Die Sentrale Moondhede het Duitsland bygestaan.
- Duitsland is verslaan toe die VSA laat tot die oorlog toegetree het.
- Ná die oorlog is verskeie verdrae tussen die verskillende lande onderteken.
- Ná die oorlog is verskeie verdrae tussen die verskillende lande onderteken.
  - → Dit het nie die ekonomiese en politieke wedywering opgelos nie.



### 1.1 Die Weimar-republiek

- Ná die Eerste Wêreldoorlog → toenemende ontevredenheid onder Duitse mense.
  - → Ongelukkig oor die voorwaardes van die Verdrag van Versailles.
  - → Probleme weens die Groot Depressie.
- Duitsland se leier Wilhelm II in hegtenis ge[illegible].
  - → Later na Nederland gevlug weens groeiende [illegible].
  - → Duitsland moes 'n nuwe regering v[illegible]
- 1919: Duitsers hou algemene verkiesing.
  - → Koalisieregering gevorm tussen Duitse Middelparty en Duitse Demokratiese Party.



- Parlement van koalisieregering vergader in Weimar om grondwet te skryf.
- Grondwet lei tot totstandkoming van die Duitse Bondsrepubliek.
  - → Duitsland in 'n aantal state verdeel.
  - → State het mag gehad om hulself te bestuur.
- Regering genoem Weimar-republiek, omdat grondwet in Weimar geskryf is.
- Grondwet op 11 Augustus 1919 aanvaar.

**Weimar-republiek onder leiding van dr. Gustav Stresemann bring positiewe veranderinge:**

1. Duitsland betaal sommige kompensasieverpligtings betyds af.
2. Eenvormige belasting ingestel.
   - → Ekonomie verbeter omdat almal wat gewerk het belasting betaal het.
3. Die spoorwegvervoerstelsel is verbeter.
4. Daar was nou minder onrus onder die Duitse mense.




5. Weimar-republiek ontwikkel land se kuns en rolprentteaterbedryf.
   - → Novembergruppe (Novembergroep) – groep van 100 kunstenaars.
   - → Bekende kunswerke voortgebring, bv. Nagtelike straattoneel deur Ernst Ludwig Kirchner.
   - → Duitse rolprentbedryf vervaardig bekende flieks bv. *Nosferatu*
6. Weimar-regering hou vol om wêreld te lei in wetenskap en tegnologie.
   - → Werner Heisenberg saam met Max Born en Pascual Jordan stel teorie van kwantumfisika bekend.
   - → Nobelprys van Skeikunde is aan hulle toegeken.

VOORBEELD
Graad 9 Kwartaal 1 Gesk

## Eenheid 1: Die totstandkoming van Nazi-Duitsland

### 1.2 Die Verdrag van Versailles

- Nadat Duitsland die Eerste Wêreldoorlog verloor het:
  → Geallieerde Moondhede maak seker Duitsland betaal vir verliese.
- Verdrag van Versailles gebruik om Duitsland te straf.
  → Dié Verdrag het die Eerste Wêreldoorlog amptelik beëindig.
- Onderteken op 28 Junie 1919 tussen Duitsland en Geallieerdes.
  → Verdrag is in Oktober 1919 afgehandel.









VOORBEELD
Graad 9 Kwartaal 1 Gesk

**Voorwaardes van die Verdrag van Versailles:**

1. Duitsland moes baie geld aan Geallieerdes betaal.
2. Eerste 15 miljoen dollar moes teen 1 Mei 1921 betaal wees.
   → Om te verseker Duitsland bly ekonomies verswak.
3. Duitsland moes Elsas-Lotharinge aan Frankryk afstaan.
4. Frankryk kry ook die Saarland.
   → Dié gebied se ryk steenkoolmyne vir 15 jaar oorgeneem.
5. Duitsland moes ook die Rynland afstaan wat vir demilitarisering gebruik is.
6. Duitsland verloor gebiede aan België, Pole, Tsjeggo-Slowakye en Denemarke.
7. Duitse weermag verbied om meer as 100 000 troepe te hê.

### Die Verdeling van Duitsland ná die Eerste Wêreldoorlog




→ **Elsas-Lotharinge** is aan **Frankryk** teruggegee.

→ **Poolse Korridor** is aan **Pole** gegee sodat Pole toegang tot die see kon hê.

→ **Danzig** is 'n **Vrye Stad** gemaak onder die Volkebond.


→ **Saargebied** is vir 'n tyd lank onder **Volkebond-beheer** geplaas.

→ **Rynland** moes **gedemilitariseer** word (geen Duitse weermag daar nie).

→ Duitsland het ook kolonies in **Afrika en die Stille Oseaan** verloor.

## 2. HITLER EN DIE NAZI'S – 1920'S

- Ekonomiese probleme in Duitsland lei tot grootskaalse werkloosheid.
  - → Baie protes tot gevolg.
- 1923: Nasionaal-Sosialistiese Arbeidersparty (Nazi-party) probeer regering omverwerp → hulle poging misluk.



- Leier van Nazi-party: Adolf Hitler.
- Gebore op 20 April 1889 in Oostenryk.
- Hy was lief vir kuns → het as poskaartkunstenaar gewerk.
- 1914: Sluit by Duitse weermag aan.
- Ná oorlog → word lid van Nasionaal-Sosialistiese Arbeidersparty.
- Hitler verkwalik Weimar-regering vir ondertekening van Verdrag van Versailles.
  - → Hy het geglo regering het Duitsland aan Geallieerdes verkoop.



- 1920: Hitler word leier van Nazi-party.
- Embleem van party:
  - → Swart swastika op wit sirkel teen rooi agtergrond.
- Die Nazi-Party was antikommunisties.
  - → Hulle wou Duitse trots wat ná Eerste Wêreldoorlog weg was, terugbring.
  - → Die Party wou alle Duitsers oor hele Europa verenig.
- Die Party het Joodse mense blameer vir swak ekonomie en politiek in Duitsland.
  - → Het tot antisemitisme gelei.

**Nazi-Party se oortuigings oor Verdrag van Versailles en Duitse mense:**

| NAZI-OORTUIGINGS | |
|---|---|
| **Die Verdrag van Versailles** | **Die Duitsers Self** |
| •Swak ekonomie van Duitsland moes verbeter word.<br>• Weimar-regering het Duitsland aan Geallieerdes verkoop.<br>• Strafmaatreëls van Verdrag van Versailles moes gestop word.<br>• Duitsland moes herbewapen word.<br>• Grond en Duitse gebiedsdele wat met Verdrag van Versailles verloor is, moes teruggebring word. | • Duitsers is 'n superras.<br>→ Moes oor Europa verenig word.<br>• Duitsland moes verenig word onder leiding van 'n sterk leier.<br>→ Führer beteken "leier".<br>• Jode het swak ekonomiese situasie uitgebuit om hulself te verryk. Duitsers het geglo Jode neem hul sake- en werksgeleenthede weg. |

- Nazi's het geglo as hul eise vervul word → Duitsland weer 'n sterk staat word.
- 1923: Nazi's probeer regering in München omverwerp → het misluk.
  - → Gebeurtenis bekend as 'n putsch.




- Sommige Nazi's doodgeskiet of beseer.
- Hitler is in hegtenis geneem en van verraad aangekla.
  - → Tot vyf jaar tronkstraf gevonnis → dien net 9 maande uit.
- In tronk skryf Hitler boek Mein Kampf (My stryd).
  - → Boek beskryf hoe Duitsland verbeter kon word.
- Ná vrylating → Hitler herbou Nazi-party saam met ander leiers.
  - → Bv. Josef Goebbels.
- Nazi-partzy wen 12 van 412 setels in parlement.

VOORBEELD
Graad 9 Kwartaal 1 Gesk

## 3. DIE GROOT DEPRESSIE VAN 1929 EN DIE UITWERKING DAARVAN OP DUITSLAND




- Groot Depressie was 'n ekonomiese ineenstorting.
- Het in 1929 in Amerika (VSA) begin.
  - → Daarna wêreldwyd versprei.
- Dit het baie ekonomieë geraak:
  - → Werkloosheid het toegeneem.
  - → Kosproduksie het afgeneem.



- 1924 → Duitsland kry nuwe kanselier, dr. Gustav Stresemann.
- Stresemann bevorder Duitse ekonomie.
  - → Hy stel nuwe geldeenheid in.
- Groot Depressie van 1929 → bring einde aan Duitse vooruitgang.

---

**Groot Depressie beïnvloed Duitsland soos volg:**




1. Werkloosheid het toegeneem.
   - → Regering kon nie protes van Duitse mense beheer nie.
   - → President Von Hindenburg kondig noodtoestand af sonder om parlement te raadpleeg.
2. USA banke onttrek lenings en beleggings uit Duitsland.
3. Regering sny besteding deur salarisse te verlaag en belasting te verhoog.
4. Baie mense kon nie huur bekostig nie.
   - → Het in pondokke ingetrek.

### 3.1 Politieke gevolge

- Mense ontevrede oor hoe regering depressie hanteer.
  - → Verloor vertroue in regerende party.
  - → Ander partye begin meer steun kry.

| DIE GROEI VAN DIE NAZI-PARTY EN DIE KOMMUNISTIESE PARTY | |
|---|---|
| **Naam van Party** | **Aantal setels ná die 1930-verkiesing** |
| Nazi-Party | Setels vermeerder van 12 tot 107 |
| Kommunistiese Party | Setels vermeerder van 54 tot 77 |

## 4. MISLUKKING VAN DEMOKRASIE IN DIE WEIMAR-REPUBLIEK

- Weimar-republiek veronderstel om 'n demokratiese staat te wees.
  - → Baie uitdagings het veroorsaak dat demokrasie misluk.
- President Friedrich Ebert het mag gehad om self besluite te neem.
  - → Hy kon 'n noodtoestand afkondig sonder om parlement te raadpleeg.
  - → Hy kon die weermag stuur om ontevrede mense stil te maak of leiers in hegtenis te neem.



- Baie partye in parlement was teen regering gekant.
  - → Hulle het koalisies gevorm.
  - → Dit het tot kritiek en konflik in parlement gelei.
- Daar was baie besware en pogings om regering omver te werp.
  - → Leiers soos Karl Liebknecht en Rosa Luxemburg tereggestel, omdat hul regering probeer oorneem het.



- Baie leiers in Duitsland het demokrasie nie verstaan nie.
  - → Duitsers was gewoond aan 'n koning wat op sy eie regeer.
  - → Nie aan regte soos vryheid van uitdrukking en assosiasie nie.

VOORBEELD Graad 9 Kwartaal 1 Gesk

## Eenheid 1: Die totstandkoming van Nazi-Duitsland

### 4. MISLUKKING VAN DEMOKRASIE IN DIE WEIMAR-REPUBLIEK

*(Vervolg vanaf vorige bladsy)*

- Baie Duitsers het nie van die Weimar-republiek gehou nie.
  - → Rede: regering het Verdrag van Versailles onderteken.
  - → Bv. Duitsland moes baie geld aan kompensasiebetalings bestee.
  - → Geld uit Duitse belasting en myne ontvang, is deur Geallieerdes geneem.
- Weimar-republiek het ekonomiese probleme gehad.
  - → Baie Duitsers werkloos.
  - → Regering kon nie werk vir mense gee nie.

### 5. REDES VIR OPENBARE STEUN VIR DIE NAZI-PARTY EN DIE 1932- EN 1933-VERKIESING

- Verskeie omstandighede het gelei tot steun vir die Nazi-party.
  - → Bv. Groot Depressie wat in die VSA begin het.
- Dit het bygedra tot sukses van die Nazi-party in die 1932- en 1933-verkiesing.

### 5.1 Redes vir die ondersteuning van die Nazi-party

- Nazi-party het ekonomiese probleme in Duitsland uitgebuit.
- Baie Duitsers was ongelukkig met die regerende party.
- Nazi-party het die regerende party gekritiseer.
  - → En volgelinge vir die Nazi-party gewerf.
- Hitler was 'n goeie spreker.
  - → Het baie steun vir die Nazi-party gewen.






**BRON 4: REDES AGTER DIE NAZI-PARTY**

**Redes waarom die Nazi's steun verwerf het:**

**1. Hitler se sjarme.**

- Hitler beskou as 'n sterk leier.
  - → Sou Duitsland kon verenig en orde herstel.
- Sommige het geglo hy kon bepalings van Verdrag van Versailles beëindig.
  - → En ander lande dwing om Duitsland regverdig te behandel..
- Sy sjarmante en oortuigende persoonlikheid het steun gebring.
  - Veral onder vroue en die jeug.
  - → Hitler het plakkate gebruik wat hom as 'n "regte Duitser" uitgebeeld het.



**2. Polisie-optrede**

- Hitler se lyfwagte gebruik om orde te handhaaf by party se vergaderings.
- Hulle het vergaderings van ander politieke partye ontwrig.
  - → Plakkate opgeskeur en kiesers geïntimideer.

**3. Werkersklas**

- Nazi's het aan Duitsers werk en kos belowe.
- Plakkate is gebruik om indruk te skep dat werkersklas die Nazi's steun.



- Baie mense het Nazi-party gesteun.
  - → Omdat hulle belowe het om Duitse identiteit te beskerm ná agteruitgang onder Weimar-republiek.

**4. Boere**

- Nazi's het grond net van die Jode afgeneem.
  - → En belowe om Duitse boere teen kommuniste te beskerm.

VOORBEELD
Graad 9 Kwartaal 1 Gesk

## BRON 4: REDES AGTER DIE NAZI-PARTY

*(Vervolg vanaf vorige bladsy)*




**5. Ondernemings**

- Ondernemings (myne en fabrieke) het Hitler gesteun.
  - → Geglo Hitler kon hulle teen kommuniste beskerm.
- Koerante / plakkate gebruik om propaganda te versprei.



**6. Groot Depressie**

- Hitler het Groot Depressie gebruik om werkers te belowe dat hulle nie deur Jode uitgebuit sal word nie.
- Hitler het ook belowe om 'n suiwer Ariese ras te skep wat oor wêreld sou heers.

### 5.2 Hoe het die Nazi's in die 1932- en 1933-verkiesings gevaar?

- Ses Miljoene mense werkloos, chaos in Berlyn, honger, dood en verval.
  - → Baie Duitsers steun Nazi-party.
- Julie 1932-verkiesing: Nazi-party word grootste politieke party in Duitsland.
- Nazi-party wen 230 van 608 setels in die Reichstag (parlement).
  - → Dit is byna 14 miljoen stemme.
- Hitler het aangedring om kanselier te word.
- President Hindenburg weier.
  - → Hy glo Hitler is magshonger en wil mense onderdruk.





- Franz von Papen word as kanselier aangestel.
  - Daar was politieke dooiepunte en chaos in Reichstag.
    - → Geen volstrekte meerderheidsparty om regering te lei.
  - Nuwe verkiesing vir November 1932 uitgeroep.
- Nazi's verloor twee miljoen stemme en 34 setels.
  - → Maar bly grootste politieke party.
- Hindenburg stel weermag-generaal, Kurt von Schleicher as kanselier aan.
- Von Schleicher kon nie 'n meerderheidskoalisie vorm nie.
  - → Bedank na 57 dae.
- Hindenburg probeer steeds om meerderheidskoalisie te vorm.
  - → 30 Januarie 1933: Hindenburg stel Hitler as kanselier van Duitsland aan.
- Hitler gebruik taktieke om mag te konsolideer.
  - → Bv. Nazi's reël dat Reichstag afgebrand word.
- Hitler kry Hindenburg sover om dekreet uit te vaardig:
  - → "Vir die beskerming van die mense en die staat."
  - → Dekreet stel Hitler in staat om burgerlike vryheid op te skort.
  - → Bedreiging van terreur as rede gebruik.



- Hitler gebruik hierdie bedreiging in politieke toesprake.
- Verkiesing van Maart 1933: Meer Duitsers stem vir Nazi-party.
  - → Nazi-party bly grootste party, maar geen volstrekte meerderheid.
  - → Nazi-party kry 43,91% van totale stemme.
- Nazi's vorm koalisie met Duitse Nasionale Volksparty.
  - → Verkry meerderheid.
- Dit stel Hitler in staat om Magtigingswet op 23 Maart in werking te stel.

VOORBEELD
Graad 9 Kwartaal 1 Gesk

# 6. MAGTIGINGSWET VAN 1933 EN DIKTATUUR

- Vrees vir kommunistiese onrus regverdig die gebruik vir Magtigingswet van 1933.
  - → Dié wet het Hitler sy aanvanklike diktatoriale magte gegee.
- Maart 1933: oprigting van eerste konsentrasiekamp by Dachau.
  - → Kamp gebruik om Duitse kommuniste, sosialiste, vakbonde en ander teenstanders van Nazi's op te sluit.



## 6.1 Wat was die Magtigingswet?

- Magtigingswet → wet in Duitse parlement uitgevaardig
- Wet het Hitler reg gegee om vir vier jaar:
  1. Grondwetwysigings te maak
  2. Verdrae te sluit
  3. Wette uit te vaardig - Hy kon dit alles doen sonder om parlement te raadpleeg.
- Hitler het Magtigingswet gebruik om regering oor te neem.
  - → Hy het dus 'n eenpartystaat te vorm.
- Nazi-party het enigste wettige party geword.
  - → Alle ander partye is verbied.

## 6.2 Hoe het Duitsland 'n diktatuur geword?

- Hitler het reeks handelinge uitgevoer om Duitsland in 'n diktatuur te verander.
  - → Bv. Hy het seker gemaak hy vernietig alle politieke opposisiepartye.

**Hoe Hitler dit gedoen het:**

1. 81 lede van Kommunistiese Party gekeer om parlement by te woon.
   - → Hulle is beskuldig van geweldadige protes.
   - → Sommige in tronk gegooi, ander konsentrasiekampe toe gestuur.
   - → Katolieke Middelparty en Nasionale Party te bang om Nazi-party te teenstaan.
2. Sosiaal-demokrate is onwettig verklaar.
   - → Eiendom van Sosiaal-demokrate en kommuniste deur staat oorgeneem.



3. Vakbondleiers tronk toe gestuur.
   - → Werkers moes by een vakbond aansluit: Duitse Arbeidsfront.
4. Gestapo (geheime polisiemag) gevorm.
   - → Hulle moes alle teenkanting hanteer.
5. 1934: Von Hindenburg sterf. Hitler word President.



- Augustus 1934: Hitler skaf presidensie af en verklaar homself Führer van Duitsland.
- Alle militêre personeel en staatsamptenare moes lojaliteitseed aan Hitler aflê.



- Hitler word ook Rykskanselier (hoof van die regering).
- Begin van Derde Ryk (Drittes Reich).
- Nazi-regime skaf simbole van Weimar-republiek af.
- 1935: Swastika-vlag van Nazi-party enigste nasionale Duitse vlag.
- Duitsland word volledige diktatorskap.

VOORBEELD
Graad 9 Kwartaal 1 Gesk

## 7. DIE NEURENBERG-WETTE EN DIE JODE SE VERLIES AAN BASIESE REGTE IN 1935

- Nadat Hitler mag gekry het → fokus op skep van 'n suiwer Duitse ras.
  - → Ras moes nie met ander rasse meng nie.
- Hitler glo suiwer ras sal beter ekonomie oplewer en Duitse belange beskerm.
- Jode uit universiteite en onderwysposte verwyder.
- Baie Jode is as bannelinge uit land gestuur.
- 1935: Neurenberg-wette uitgevaardig.
  - → Wette het beteken Jode verloor basiese regte.



**Die wette het die volgende beteken**

1. Huwelike tussen Duitsers en Jode nie toegelaat nie.
2. Jode moes 'n embleem dra wat wys dat hulle Joods was.
3. Jode het nie vryheid van spraak gehad nie.
4. Jode was nie toegelaat om openbare plekke bv. vervoer, skole te gebruik nie.
5. Jode nie toegelaat om te stem, of dokters of skrywers te word nie.

## 8. WIE IS DEUR DIE NAZI'S VERVOLG?

- * Nie net Jode is vervolg nie.
  - → Alle politieke teenstaanders is vervolg bv. Jehovagetuies en Katolieke.
- * Enigeen wat volgens Nazi's hul suiwer meesterras kon besmet was vervolg.
  - → Bv. Swart mense, gestremde mense, homoseksuele, die Roma.
- * Jehovagetuies doodgemaak → hulle het God aangehang en nie Hitler nie.
- * Mense wat nie met Hitler saamgestem het nie doodgemaak.
  - → Lede van Katolieke Middelparty en Nasionale Party.
- * Hitler wou meer ruimte en grond vir Duitsland hê.
  - → Slawiese volke soos Pole aangeval en hul grond gevat.
- * Swart mense is gesteriliseer.
  - → Om te keer dat hulle 'n "onsuiwer ras" voortbring.
- * Verstandelik en fisiek gestremdes en mense met ongeneeslike siektes doodgemaak in gevolge T4-genadedoodprogram.
- * Homoseksuele en sigeuners as onsuiwer beskou.
  - → Meeste van hulle is in konsentrasiekampe doodgemaak.




## 9. NAZI-DUITSLAND AS 'N VOORBEELD VAN 'N FASCISTIESE STAAT

- Fascistiese staat → outoritêre en nasionalistiese regeringsvorm.
  - → Geen opposisie toegelaat nie.
- Leiers verwag volkome gehoorsaamheid van burgers.
- Burgers mag nie regering bevraagteken nie.
- Leiers word "diktators" genoem.
- Demokrasie → stelsel van regering waarin daar vryheid vir almal is.
- In demokrasie:
  1. Mense mag vir 'n leier stem
  2. Daar is vryheid van uitdrukking.
  3. Mense mag regering se optrede en besluite bevraagteken.



VOORBEELD Graad 9 Kwartaal 1 Gesk

## Eenheid 1: Die totstandkoming van Nazi-Duitsland

### 'N VERGELYKING TUSSEN FASCISME EN DEMOKRASIE

| Fascisme | Demokrasie |
|---|---|
| • Duitsland het menseregte geïgnoreer, leier het mense dood gemaak. | • Menseregte gerespekteer, ongeag ras of geslag. |
| • Fasciste het geglo wetenskaplike bewyse sê net die sterkstes moet oorleef. | • Alle mense gelyk en word dieselfde behandel. |
| • Uitwissing van Jode gebruik as verenigende dryfkrag. | • Besteding regverdig versprei oor alle departemente en programme. |
| • Duitse mans het politiek oorheers. Egskeiding / homoseksualiteit nie geduld. | • Mense het reg om by vakbonde te behoort, om homoseksueel te wees, te skei en het vryheid van spraak. |
| • Vakbonde was verbied of beheer, want was as bedreiging gesien. | • Regering meng nie in media in nie. |
| • Regering het media beheer. Propaganda gebruik om Duitsers te beïnvloed. | • Polisie doen verantwoording vir hul optrede en almal woon vry van vrees. |
| • SS en Gestapo gebruik om opposisie te onderdruk en wette af te dwing. | • Ondernemings ontvang nie gunste van regering nie. |
| • Regering het vrees gebruik om mense te beheer. | |
| • Groot Duitse ondernemings deur staat beheer in ruil vir beskerming gunste. | |
| • Baie korrupsie. Vriende en familie van partylede bevoordeel en verkiesings is geknoei. | |
| • Hitler as held beskou. Kon nie bevraagteken word nie. | |








VOORBEELD Graad 9 Kwartaal 1 Gesk

## Eenheid 1: Die totstandkoming van Nazi-Duitsland

| WOORDELYS: | |
|---|---|
| Koalisie: | ‘n Ooreenkoms of tidelike vereniging met ander partye om groter politieke beheer te verkry. |
| Grondwet: | ‘n Stel wette wat uiteensit hoe ‘n land geregeer gaan word. |
| Dawes-plan: | ‘n Amerikaanse plan wat Duitsland uitstel gegee het om kompensasie betalings te doen. |
| Vooruitstrewend: | Rykdom en sukses. |
| Verdrag: | ‘n Geskrewe ooreenkoms tussen state. |
| Embleem: | ‘n Simbool of teken wat iets anders verteenwoordig. |
| Antikommunisties: | Wat nie van kommunisme hou nie. Kommunisme is ‘n soort regeringstelsel wat nie privaat eienaarskap deur maatskappye toelaat nie, die staat beheer alles. |
| Antisemitisme: | Haat vir en vooroordeel teenoor die Jode. |
| Putch: | ‘n Duitse word wat die omverwerping van die regering beskryf. |
| Verraad: | ‘n Misdaad wat as versaking van die regering beskou word. |
| Kanselier: | Staatshoof |
| Noodtoestand: | ‘n Tydperk waarin die regering die weermag gebruik om ‘n situasie in die land te beheer. |
| Onverwerp: | Tot ‘n val bring. |

| WOORDELYS: | |
|---|---|
| Tereggestel: | Doodgemaak as ‘n vorm van ‘n straf. |
| Geïntimideer: | Bang of bedreig. |
| Identiteit: | ‘n Kenmerk waarderu jy ‘n groep of persoon kan herken. |
| Propaganda: | Inligting wat versprei word om ‘n saak te bevorder. |
| Diktatoriaal: | Alleenheersend, geen oppisisie toegelaat nie. |
| Diktator: | ‘n Regeringsvorm waarin slegs die leier regeer. |
| Bannelinge: | Mense wat verbied word om in hul eie land te woon. |
| Vervolg: | Sleg behandel vir ‘n lang tyd. |
| Besmet: | Vuil of onsuiwer maak. |
| Onsuiwer: | Nie “suiwer” nie, want jy is nie ten volle Duits nie. |
| Vakbonde: | Organisasies wat werkers verteenwoordig. |
| Onderdruk: | Om te keer dat mense doen wat hulle wil, bv. Om hulle te verbied om te staak. |
| Korrupsie: | Om jou mag op ‘n oneerlike manier te gebruik, bv. om jou mag as leier te gebruik om geld wat aan die mense behoort verkeerd aan te wend. |
| Geknoei: | Resultate op ‘n korrupte en onwettige manier bereik. |

VOORBEELD Graad 9 Kwartaal 1 Gesk